Musiek Vir Die Jeug

5: Die Volkslied

deur JOHANNES JOUBERT

VOORDAT ons nou verder gaan met die studie van die groei en ontwikkeling van die volkslied, moet ons onsself eers afvra: Wat is die volkslied?

Ek dink dat dit vanselfsprekend is dat mens 'n duidelike begrip behoort te hê van die ding waaroor jy eintlik wil gesels!

Ons bedoel nou nie *die volkslied* waarvoor ons plegtig opstaan as ons dit by openbare geleenthede sing nie, maar sommer *al* die gewone ou liedjies wat iedereen ken en lief het en wat ons graag saamsing as ons in 'n gesellige stemming bymekaar is.

Dis 'n soort musiek wat uit die verlede mondeling oorgedra is, sonder die hulp van die gedrukte blad.

„Verheerliking deur die Engele," 'n beroemde skildery van die Vlaamse kunstenaar, Hans Memlinc, nou in die museum in Antwerpe.

„Mondeling oorgedra" beteken dat elkeen die woorde en wysie maar net oorgeneem het soos hy dit by 'n ander gehoor het of soos hy gemeen het dat dit was. En natuurlik is die lied daardeur baie maal verdraai en verander, al na gelang van die singer se eie opvatting of begrip daarvan! So is dit oorgedra, van vader tot seun, of van moeder tot dogter, van gemeenskap tot gemeenskap en van geslag tot geslag. En meestal het daar wel enige verandering plaasgevind.

Volksliedjies is nooit aangeteken nie, en tog — snaaks genoeg, is daar min dinge wat so standvastig bly bestaan as 'n volkslied. „My doodkry is min!"

Versamelaars op musikale terrein het darem gedurende die afgelope vyftig jaar ongeveer, ywerig moeite gedoen om hierdie skatte uit die verlede uit die volksmond op te vang en aan te teken, en nou kry ons pragtige versamelings volksliedjies, keurig netjies in albums saamgebind.

Die regte volkslied is nie juis net deur een man of geïurende een sekere tydvak gemaak nie, en is altyd melodies, d.w.s., eenstemmig. Natuurlik het toonkunstenaars van alle tye die wysies wel op harmonie geset, dis te sê, vir meer stemme, en ons besit vandag baie mooi harmoniese rangskikkings van ou volkswysies. Ook het komponiste die wysies gebruik as boustof waaruit groter musiekwerke opgebou is.

Dit kan wees dat daar geslagte verbygaan, en die liedjie uit duisende monde geklink het, voordat dit sy finale vorm gekry het soos ons dit vandag ken. Sou julle dit ooit kon dink? Tog is dit so. Die volkslied het saam met die menslike geslag gegroei vandat hy in 'n primitiewe stadium van ontwikkeling verkeer het. Ons moet dus nie dink dat 'n volkslied juis noodwendig aan vaderlandsliefde uiting moet gee nie! As ons sing van oom Kalie wat sy vrou met 'n besemstok slaan of van 'n geliefde wat aan 'n bitterbessiebos hang, of van die vryer wat graag vir Alie Brand wou hê, dan sing ons ook volksliedjies. Die volkslied ontspring aan die eie bodem, uit die boesem van die volk self en dis volkome die eiendom van die volk.

En laat ons nou teruggaan en sien hoe hierdie soort musiek ontstaan en gegroei het.

Algemeen word erken dat die fondament van alle musiek en die heel eerste stappe op die lang pad van die ontwikkeling van die musiek gesoek moet word in die musikale uitinge van mense of rasse wat nog totaal onbeskaafd is, soos wilde stamme of die bewoners van eensame eilande in streke wat heeltemal buite die invloed van opvoeding en kultuur staan. Hierdie mense staan natuurlik in dieselfde verhouding tot musiek as wat die geval met ons vroegste voorouers was, voordat die artistieke ontwikkeling van musiek aangevang het. As ons nou na daardie mense kyk, op hul gewoontes let en nagaan hoeveel hulle bereik het wat betref sang en ritme in die manier waarop hulle hierdie twee saam verbind, dan het ons 'n idee van die eerste stadia van die musiekontwikkeling.

Die eintlike volksliedjie egter, het ontstaan in 'n later periode as dié van die primitiewe krete en uitroepe van vreugde, verdriet, toorn, triomf, ens.; waarskynlik was dit in die tyd toe hulle pogings begin aanwend het om stukkies deuntjies aan mekaar te verbind op 'n manier waaruit ordelikheid en behoorlike afronding spreek. Die tyd dus, toe die mens nie meer sommer gedagteloos dadelik uiting gegee het aan sy gevoelens nie, maar begin nadink het oor *hoe* hy dit gaan uiter — die begin van ons hedendaagse beskawing. Tog is op hierdie stadium die musiekale sinne nog baie kort en is hul volgorde ook baie maal nie korrek nie.

Maar dit spreek vanself dat die standaard of gehalte van 'n stuk werk maar net 'n getroue weerspieëling is van die intelligensie of verstandelike ontwikkeling van die maker daarvan, en 'n mens kan van 'n onbeskaafde mens alleen 'n baie onvolmaakte stuk werk verwag! Nogtans werp die allereenvoudigste pogings van barbaarse volke tog lig op die innerlike wese van musiek en op die wyse waarop die mens met die musiek geworstel het in die ontwikkeling daarvan.

Dis verbasend interessant om na te gaan hoe die musikale figure in die wysies van wilde volke gerangskik is. Ook kan mens alte duidelik sien hoe die mate van ordelikheid in hul musikale voortbrengsels gelyke tred hou met die vooruitgang van alle onder vermoëns van die menslike geslag.

Kom ons kyk nou watter trappe van ontwikkeling die volkslied presies deurgemaak het.

Die heel eerste was ongetwyfeld net 'n enkelvoudige musikale figuur wat die eienskap besit het wat ons by alle onbeskaafde volke aantref — herhaling. Dis tog welbekend dat onbeskaafde volke 'n eenvoudige deuntjie van drie of vier note ure aanmekaar kan herhaal. Julle het seker al gehoor hoe ons eie naturelle dit baie maal nog doen as hulle werk, terwyl hulle tog eintlik al die periode van barbarisme verby is.

Nou, ná hierdie trap van 'n paar note in kort musikale sinne, kom die volgende trap, waar die sinne ietwat langer word en daar meer verskeidenheid voorkom in stof en in die rangskikking van die klanke.

Later het die sinne nie meer soos los sand aan mekaar gehang nie, maar het daar 'n onderlinge verband merkbaar geword en was die volgende meer simmetries of gebalanseerd.

Op een punt het die swak verstand nog sterk uitgekom, nl. in die slapheid en onduidelikheid van plan of skema. Geleidelik egter het alles verbeter en, na mate die verstand ontwikkel het, is allerlei maniere geskep om al die onderdele van 'n wysie tot 'n goeie, samehangende geheel op te bou. Hierdie langsame groeiproses maak die musiek van elke ras van mense maar deur.

Volksiedere is ook nie masjinale produkte nie, d.w.s. dinge wat op 'n bepaalde oomblik op bevel gemaak word nie, maar dis die langsaamrypende vrug van musikale gevoelens. Enige stuk musiek moet ook noodwendig uitdrukking gee aan die karakter, die diepste begeertes, die smaak en gevoeligheid van die maker daarvan. En ons weet mos dat dié musiek van 'n lawaaierige soort mense bv. meestal opvallend ritmies en lewendig is; van 'n stil, teruggetrokke soort persoon somber; van 'n swaarmoedige en peinsend of poëties-aangelegde soort persoon, pateties of treurig; van 'n nugtere, praktiese soort, sommer reguit, eenvoudig, onopgesmuk; van 'n wrede, barbaarse soort, wild en woes; van 'n lewendige soort, vrolik en lighartig; van 'n ernstige, deeglike soort, waardig en verhewe. Dit was altyd so en sal altyd so bly, dat 'n mens se eie geaardheid sy voorliefdes bepaal.

Baie volksliedere het ook ontstaan as vertellinge van gewigtige gebeurtenisse uit die geskiedenis, en dan moes die melodie natuurlik by die inhoud van die woorde pas: vrolik as die woorde vrolik, en treurig as

(Vervolg op bladsy 40.)

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

MUSIEK VIR DIE JEUG

(Vervolg van bladsy 38)

die woorde treurig was. Verder was dit dan die singer se plig om meer in besonder dwarsdeur die lied die gevoel daarin te lê wat deur die woorde uitgedruk word.

Van die begin af was daar hoofsaaklik tweërlei soort volkslied, nl. die liriese lied en die vertelling, beide digterlike uitings wat eers met die behulp van musiek tot hul volle reg kom.

Die liriese gedig is kort, helder, emosioneel en die musiek daarvan moet baie presies by elke gedagte pas. Die musikale vertelling egter, is baie maal van alle diep gevoel ontbloot en daarby eindeloos lank! Wat daarvoor dan nodig is, is net 'n goeie wysie wat telkens vir al die koeplette herhaal kan word sonder om te verveel. Ook moet die musiek dan nie so 'n besondere karakter dra nie dat daar kans is dat dit êrens met die woorde sal bots nie. Sulke musikale vertellings het daar van die vroegste tye af bestaan.

Die eerste ballade-sangers kry ons in die ou Griekeland. Daar sien ons dat die gedigte van Homeros deur „rapsodiste" gesing is, en dis vanselfsprekend dat die melodieë van hierdie vroeë liedere baie eenvoudig en beperk was. Tog moes daar 'n sekere vryheid van ritme gewees het, anders sou dit nie moontlik gewees het om die verhalende gedigte met hul verskillende soorte maat en ritme te sing nie.

Dis nogal interessant dat Tacitus vertel — hy het in die eerste eeu gelewe — dat daar sekere stamme was wat die dapper dade van hul helde beide in popu'êre kort liedere sowel as in lang verhaalsange besing het.

Van dié tyd af, kan ons maar sê, was daar oral in Europa altyd „volksangers." somtyds gewoon sangers genoem, of ook wel minstrele, lieder- of minnesangers.

En so het die volkslied ongemerk maar met standvastigheid soos vanself gegroei en bly bestaan tot vandag toe.

Tog skyn daar gevaar te bestaan dat hy nou wil kwyn namate die hoë musiekkuns groei. En dit mag tog nie gebeur nie! Ware volksmusiek, net soos alles wat werklik kunswaarde besit, is 'n uitdrukking of produk van die hele, volle mens. Daarin vind hy die eerste middel om in klanke al sy gevoelens uit te druk, uiting te gee aan wat sy gemoed ontroer.

'n Nadere beskouing van die volksliedere van verskillende rasse is werklik interessant. By die volke wat oor die algemeen gekenmerk word deur fyngevoeligheid, sal ons ook in die volkslied 'n hoë mate van emosie of gevoel terugvind; by hulle wat alleen middelmatige verstandelike vermoëns besit, maar die kuns goed verstaan om 'n groot vertoning te maak, sal ons ook in hul musiek 'n soort lawaaierigheid en oorbodige „versiering" aantref; sterk en ernstig-aangelegde rasse en die wat meer teruggetrokke van aard is, bring liedere voort waaruit eenvoud en deftigheid spreek. Ook gewoontes en klimaatsomstandighede oefen invloed uit op die volkslied.

En glo my dat dit julle sou verbaas om te weet hoeveel gewone volksliedjies daar is wat regtig hoë musikale waarde en skoonheid besit.

Nouja, dis darem bemoedigend om te weet dat die gewone volksmassa, hoewel miskien onbewus, tog aangetrek word deur iets wat waarlik mooi is!

Verder kan ons hier nie op die onderwerp ingaan nie. Diegenes wat 'n diepere studie van die volkslied wil maak, sal skoonheid en skatte ontdek waar hy nooit van gedroom het nie. Buitendien sal hy 'n ryke kennis opdoen van die verskillende volke van die wêreld.

Hy sal as 't ware woon in 'n tempel, wonderlik en mooi en dit die digter Carlyle násê: „Alle innerlike dinge is melodie."

Dit gaan julle goed! Tot volgende week!

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012